



WAT IS DIE AARD VAN GOD?



Net soos...



Die Bybel nie probeer om die bestaan van God te bewys nie
Gee die Bybel ook nie 'n omvattende definisie van die Persoon van God nie.



Maar ...



Ons het 'n belangrike beskrywing van God in die gesprek tussen Moses en die Here by die brandende bos in die Sinaiwoestyn.

(Eksodus 3:13-14)

- ➔ Jy sal dalk onthou dat Moses vir God gevra het wat hy vir die kinders van Israel moet sê as hulle hom vra wie hom gestuur het om hierdie opdrag uit te voer. Die Here het vir Moses gesê dat hy vir hulle moet sê dat "**EK IS**" hom gestuur het.
- ➔ Hierdie beskrywing van God wys eintlik vir ons dat 'n volledige definisie van God in werklikheid onmoontlik is.
- ➔ Net soos 'n gesnede beeld van God Hom nie kan uitbeeld nie, so kan 'n definisie van God Hom nie behoorlik verduidelik / definieer nie.



Wanneer God in **Jesaja 55:8-9** sê...

⁸ Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie," spreek die HERE. ⁹ "Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.



Nietemin ...



God het 'n ware en voldoende openbaarmaking van Homself in sy Woord gegee.



Hy het Homself op so 'n manier geopenbaar dat ons Hom werklik kan ken, selfs al kan ons Hom nie ten volle begryp nie.



God se Wese



God is Gees.



Johannes 4:24...

“God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.”

- ✓ God is 'n wese
- ✗ Hy is egter nie 'n stoflike/lichamlike wese nie.
- ✓ God is 'n geestelike wese.



As God Gees is, **is Hy 'n onliggaamlike wese.**



Dit beteken Hy het geen fisiese liggaam nie.



Jesus sê in **Lukas 24:39** ...

“Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie.”



Maar wat van die gedeeltes in die Bybel wat God voorstel as 'n wese met liggaamsdele?



Hande (Jesaja 65:2 + Hebreërs 1:10)



Voete (Genesis 3:8 + Psalm 8:6)



Oë (1 Konings 8:29 + 2 Kronieke 16:9)



Ore (Nehemia 1:6 + Psalm 34:15)



Hierdie is simboliese voorstellings (antropomorfismes) wat dien om...

- ✓ God meer verstaanbaar vir ons te maak &
- ✓ Sy verskillende...

➔ Belange

➔ Aktiwiteite &

➔ Kragte uit te beeld.



God is onsigbaar.

- In **Kolossense 1:15** noem Paulus hom "die onsienlike God".
- Johannes sê in **Johannes 1:18**: "Niemand het ooit God gesien nie".



Maar wat van die gedeeltes in die Bybel wat God as sigbaar voorstel?

- In **Genesis 32:30** sê Jakob...
"ek het God gesien van aangesig tot aangesig"
- Deuteronomium 34:10** sê vir ons die Here het Moses...
"van aangesig tot aangesig" geken
- Jesus sê in **Johannes 14:9**...
"Hy wat My gesien het, het die Vader gesien"



Ons weet uit die Skrif dat...

- ✓ God se Gees in sigbare vorm vertoon kan word.
(Sien: **Johannes 1:32**)
- ✓ God in die vorm van die Engel van die Here verskyn het.



Die Engel van die Here

- ◆ Die Engel van die Here ...
 - ✓ Praat as God
 - ✓ Identifiseer Homself met God, en
 - ✓ Oefen die verantwoordelikhede van God uit
(**Genesis 16:7-12; 21:17-18; 22:11-18; Eksodus 3:2; Rigters 2:1-4; 5:23; 6:11-24; 13:3-22; 2 Samuel 24:16; Sagaria 1:12; 3:1; 12:8**).
- ◆ In verskeie van hierdie verskynings het diegene wat die Engel van die Here gesien het vir hul lewe gevrees, omdat hulle "die Here gesien" het.
- ◆ Daarom is dit duidelik dat, ten minste in sekere gevalle, die Engel van die Here 'n **teofanie** is, dit wil sê, 'n verskyning van God in fisiese vorm.

- ✓ Eendag wanneer gelowiges hul verheerlikte liggame sal hê, sal hulle God in lewende lywe sien.
(Sien: **1 Kor. 15:42-53 + Openbaring 22:3 + 4**)



God is lewend.

Daar word ten minste 28 keer in die Bybel gesê dat God “die lewende God” is.

 **Psalm 42:3** sê: “My siel dors na God, na die lewende God”

 **Matteus 16:16**...

“En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.”

Hy is ook die bron & onderhoud van alle lewe.

 **Kolossense 1:16+17**...

¹⁶ want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.

¹⁷ En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.



God is 'n persoon.



Persoonlikheid bestaan waar daar intelligensie, verstand, wil, rede, individualiteit, selfbewustheid en selfbeskikking is.

Volgens die Bybel besit God die eienskappe van:

- ✓ Selfbewustheid - (Eksodus 3:14 + 1 Kor. 2:10)
- ✓ Intellek - (Genesis 18:19 + Hand. 15:18)
- ✓ Wiskrag - (Genesis 3:15 + Johannes 6:38)

Die Bybel beskryf dat God die eienskappe van persoonlikheid besit:

- ✓ Praat - (Genesis 1:3)
- ✓ Sien - (Genesis 11:5)
- ✓ Hoor - (Psalm 94:9)
- ✓ Rou - (Genesis 6:6)
- ✓ Kwaad wees - (Deuteronomium 1:37)
- ✓ Jaloers wees - (Eksodus 20:5)
- ✓ Deernis hê - (Psalm 111:4)

Die persoonlikheid van God word ook in die Bybel gewys deur:

- ✓ Sy aktiewe belangstelling en deelname aan alle dinge in die heelal.
(Sien Hebreërs 1:3 + Kolossense 1:15-17)
- ✓ Sy aktiewe belangstelling en deelname aan die ervaring van die mensdom. (Sien: Psalm 75:6-7 + Job 1:12 + Daniël 1:9 + Genesis 50:20 + Joh. 3:16-17)
- ✓ Sy aktiewe belangstelling en deelname aan die lewe van al sy skepsels.
(Sien: Matteus 6:26-30)

⚙ Die name wat in die Bybel aan God gegee is, dui ook persoonlikheid aan:

- ✓ Jehovah-Jireh: Die Here sal voorsien (Genesis 22:13-14)
- ✓ Jehovah-Rapha: Die Here wat genees (Eksodus 15:26)
- ✓ Jehova-Nissi: Die Here ons Banier (Eksodus 17:8-15)
- ✓ Jehovah-Shalom: Die Here ons Vrede (Rigters 6:24)
- ✓ Jehovah-Ra-ah: Die Here my Herder (Psalm 23:1)
- ✓ Jehovah-Tsidkenu: Die Here ons Geregtigheid (Jeremia 23:6)
- ✓ Jehovah-Shammah: Die Here is Teenwoordig (Esegïel 48:35)



God is die onmeetlike, ewige, selfbestaande Een.



Handelinge 17:24-28

²⁴ “Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. ²⁵ Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. ²⁶ En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, ²⁷ sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; ^{28a} want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons.”

⚙ Soos 'n sirkel...

- ✓ Het God geen begin en geen einde nie!



Jesaja 40:28 sê ...

“Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie.”

- ✓ God word nie deur tyd beperk nie!

- Hy was, Hy is en Hy sal altyd wees!



Psalm 90:2 sê ...

“Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God.”

- ✓ God word nie deur ruimte beperk nie!

- Ruimte is eerder van Hom afhanklik!

- Hy is verhewe bo die ruimte!



1 Konings 8:27 sê ...

“Maar sou God werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het.” (Sien: Psalm 139: 7-17)

God se Nie-Morele Eienskappe



Alomteenwoordigheid

- ⚙️ God is terselfdertyd oral in die skepping teenwoordig.
- ⚙️ Aangesien God Gees is (*Johannes 4:24*) en nie deur 'n fisiese liggaam beperk word nie...
 - ✓ Is Hy onbeperk ten opsigte van ruimte.
 - ✓ Maak nie saak hoe ver ons in die heelal gaan nie, God sal altyd daar wees! (*Psalms 139:7-10*)



Alwetendheid

- ⚙️ God is alwetend. (*Jesaja 46:9-10*)
- ⚙️ Omdat hy alwetend, is sy wysheid en kennis oneindig!
(*Psalms 139:2-4 + Psalms 147:5 + 1 Johannes 3:20*)
- ⚙️ Hy is bewus van die fynste besonderhede van ons lewens.
(*Matteus 6:8 + Matteus 10:30*)
- ⚙️ Ons kan God se ontsaglike kennis en begrip nie verstaan nie.
(*Prediker 8:17*)
- ⚙️ Ons kan net in verbasing staan voor sy weergalose wysheid.
(*Romeine 11:33*)



Almagtigheid

- ⚙️ God is almagtig en dus in staat is om enigiets wat in ooreenstemming met sy karakter is, te doen (*Genesis 18:14*).
- ⚙️ Niks is vir El Shaddai (God, die Almagtige) onmoontlik nie.



Nietemin is daar sekere dinge wat God nie kan doen nie!

- 👎 Hy kan nie sondig nie.
- 👎 Hy kan dus nie leuens vertel nie.
- 👎 Hy is onveranderlik.
- 👎 Hy kan nie ontrou wees nie.
- 👎 Hy kan nie iets irrasioneel doen nie
- soos om 'n klip te skep wat groter is as wat Hy kan oplig.
- 👍 Hy is slegs in staat om te doen wat in ooreenstemming met sy eie karakter is.



God se Morele Eienskappe



Heilig

- ⚙️ Heiligheid is die kenmerk waarvoor God in die Ou Testament veral bekend wou wees (*Jesaja 40:25*).
- ⚙️ Die Here word in Jesaja alleen soveel as dertig keer “*die Heilige*” genoem!
- ⚙️ Ook in die Nuwe Testament word heiligheid aan God toegeskryf, soos Johannes in **1 Johannes 1:5** verklaar...
“*God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.*”
(Sien ook: *Johannes 17:11*)
- ⚙️ In **1 Petrus 1:15-16** word gelowiges vermaan om, soos die Here, heilig te wees...
¹⁵ Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, ¹⁶ omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.
- ⚙️ Ons sien in **Hebreërs 12:9-11** dat God in werklikheid sy kinders dissiplineer sodat hulle heiliger kan word ...
⁹ Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie? ¹⁰ Want hulle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word. ¹¹ Nou lyk elke tugging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydschap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is.



Verdere belangrike feite oor die heiligheid van God:

- # 1 Daar is 'n groot kloof tussen God en die sondaar
(*Romeine 3:23*)
- # 2 Die mens kan God slegs deur Jesus Christus nader, omdat Hy die Een is wat toegang tot God moontlik maak
(*Romeine 5:1-2 + Efesiërs 2:18 + Hebreërs 10:19*)
- # 3 Ons moet God met eerbied en ontsag nader
(*Hebreërs 12:28*)



Reg & Regverdig



God is 'n morele wese.



C. S. Lewis, in *Mere Christianity*, maak die stelling dat, net soos daar waarneembare wette van die natuur bestaan (swaartekrag, entropie, ens.), daar ook waarneembare wette van moraliteit is. Hy het geskryf dat mense regoor die hele aarde in die eerste plek hierdie vreemde idee het dat hulle volgens 'n sekere wyse behoort op te tree, en nie regtig daarvan ontslae kan raak nie. In die tweede plek, dat hulle in werklikheid nie volgens hierdie wyse optree nie. Hulle weet wat die Wet van die Natuur is, maar hulle volg dit nie. Hierdie twee feite is die grondslag van alle duidelike denke oor onself en die heelal waarin ons leef. Ten spyte van uiteenlopende idees oor wat reg en wat verkeerd is, is daar 'n universele geloof dat reg en verkeerd wel bestaan en dat dit 'n weerspieëling is van die God wat ons gemaak het. (Genesis 1:26 + Prediker 3:11)



Die regverdigheid van God word geopenbaar in...

- ✓ Sy regverdige straf van die goddelose (Openbaring 16:5-7)
- ✓ Sy vergifnis van sonde (1 Johannes 1:9)
- ✓ Sy beloning aan die getroues (Hebreërs 6:10)



God se geregtigheid is 'n aanmoediging aan gelowiges omdat gelowiges weet...

- ✓ God oordeel regverdig (Handelinge 17:31)
- ✓ Die gelowige is veilig in die regverdigheid van Christus (Johannes 17:24 + 1 Korintiërs 1:30 + 2 Korintiërs 5:21)
- ✓ Die regverdige dade van die gelowige sal nie ongesiens verbygaan nie (Hebreërs 6:10 + 19:8)



Waarheid



God is waarheid.



God is die bron van alle waarheid.



Al God se kennis, verklarings en voorstellings is vir ewig waar.



Psalm 119:160 verklaar...

"Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al u regverdige verordeninge is tot in ewigheid."



Jesús sê in **Johannes 14:6**...

"Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."

 Johannes 1:14 sê ...

“En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid.”

 Liefde

-  God is liefde (2 Korintiërs 13:11 + 1 Johannes 4:8).
-  Dit was in liefde dat God sy Seun na die wêreld gestuur het (Johannes 3:16).
-  Dit was in liefde dat Jesus vir sondaars aan die kruis gesterf het (Romeine 5:8).
-  Dit is in liefde wat Hy sondaars steeds tot bekering roep om die genade van God te ervaar en kinders van God genoem te kan word (1 Johannes 3:1).

 Goed

-  God Self is goed.
-  Hy is alles wat God behoort te wees...
 -  Die ideale persoon
 -  Die somtotaal van volmaaktheid
 -  Daar is geen defekte of teenstrydighede in Hom nie
 -  Niks kan tot die aard van God bygevoeg word om Hom beter te maak nie
 -  Hy is voortreflikheid tot in 'n graad van oneindigheid
 -  Hy beskik oor alle gewenste kwaliteite
-  Omdat God Self die hoogste en grootste goedheid is ...
 -  Is Hy ook die bron en fontein van alle ander goedheid.
 -  Doen Hy goeie dinge.
 -  Verleen Hy sy goedheid aan ander.
-  Omdat God goed is...
 -  Vloei elke goeie ding wat ons nou geniet of ooit kan hoop om te geniet uit Hom uit.
 -  Het of sal geen goeie ding ooit bestaan, wat nie van Hom af kom nie.
(Sien: Genesis 1:31 + Psalm 31:19 + Psalm 33:5 +
Psalm 84:11 + Psalm 106:1 + Psalm 135:3 + Psalm 145:9)